

N.G. Gemeente Vaalpark

**Gebedsbulletin no 34**

**20 Augustus 2023**

## Sukses en Mislukking

**Almal van ons wil graag suksesvol wees. En niemand van ons hou van mislukkings nie. Tog kan ons nooit net een van hierdie twee dinge in die loop van ons lewe ervaar nie – hulle is karperde. Juis wanneer 'n mens op die kruin van sukses is, kom daar 'n onverwagte mislukking na jou kant toe wat jou voete onder jou uitslaan. En ná jou klaaglikste mislukking smaak jy soms jou grootste sukses. Wees dus bedag daarop dat in jou eie lewe beide sukses én mislukkings op jou sal wag.**

**Die regte soort sukses**

**Sukses verhinder ons dikwels om God se stem helder en duidelik te hoor. Dit is beslis ook nie altyd positief as dit ál is waarvoor ons lewe nie. Mense kan so behep raak met sukses dat hulle later nie meer omgee op hoeveel mense hulle trap nie, net solank húlle bo sal uitkom, en ook nie op watter onetiese maniere hulle bo uitkom nie. Maar dit is nie hoe God werk nie. In Sy Koninkryk is die laastes eerste, en om dáár bo uit te kom moet jy nie op ander mense trap nie, maar juis afbuk en 'n helpende hand na hulle uitsteek. Jy mag nooit sukses as die belangrikste dryfveer in jou lewe beskou nie. En jy behoort daarteen te waak dat jy nooit 'n groot kop (of 'n groot mond) kry as jy wel matig suksesvol is nie. Mense wat op die regte manier met sukses en mislukking omgaan, hou eintlik nooit op om oor hulle sukses en prestasies verbaas te wees nie. Hulle wéét dat hierdie dinge suiwer genade uit God se hand is.**

**Leer uit jou mislukkings**

**En as die sukses by tye omsit in mislukking, raak hulle ook nie sielsmoedeloos nie, maar léér hulle uit daardie mislukkings. God skryf jou nooit af omdat jy soms misluk nie. Hy het jou steeds onvoorwaardelik lief ten spyte van jou foute en mislukkings, Daarom mag jy in suksesvolle tye ook nooit vergeet aan Wie jy jou sukses te danke het nie.**

**God se maatstaf vir sukses**

**Hou op om jou te bekommer oor jou eie suksesse en mislukkings. Werk jý maar net rustig voort en maak vrede met die feir dat jy nooit mislukkings en foute uit jou lewe sal kan weer nie. Om die waarheid te sê, kan foute voordelig wees omdat 'n mens soms meer uit hulle leer as uit jou suksesse.**

**Hou altyd Gód se maatstaf vir sukses in gedagte. Om waarlik suksesvol te wees het jy Sý wysheid nodig."Van al die elemente wat belangrik is vir sukses, is geloof die belangrikste," skryf kardinaal Gibbons. - Nina Smit –**

## Dankbaarheid!

- **Dat ons wysheid van die Here kan vra!**
- **Sukses of mislukking, God is by ons!**
- **Dat ons met elke besluit of bekommernis na God toe kan gaan!**

## Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.
- Vir ons skoliere en studente dat hulle God se liefde vir hulle sal ontdek.
- Vir Eskom, water krisisse, onrus en nood in ons land.

## Gebedsversoeke

- Lottie Conradie
- Maria Steyn
- Oom Sampie Swart
- Jaco Steenkamp
- Tannie Marinda Jordaan
- Piet Venter
- Annika Killian
- Leonie Kruger
- Heinrich  Kotzé
- Bennie Olivier
- Jillian Jansen
- Theuns Pelser

Cedric Wiegand
Ria Putter
Tannie Martie de Beer
Monty Pienaar
Heleen Lamont
Louis Strauss
Sumari Pretorius
James Vermaak
Albert Glockzin
Rudi Kruger
Willie Britz
Jan-Harm Pretorius

## Gedagte vir die week

**“Laat wat jy doen , aan die Here oor, dan sal Hy jou voornemens laat geluk.”**
**Spr 16:3**

## Stuur Gebedsversoeke aan:

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org